Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2 NASIENRIGLYN (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

**NASIENRIGLYNE**

1. ŉ Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.

2. As ŉ kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ŉ streep word deur die tweede vraag getrek.

3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ŉ motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

5. Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 1 of nul punte omdat twee kante vir 1 punt gestel moet word.

6. Slegs ŉ punt vir die motivering word toegeken.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR korrek is, en die motivering is korrek, verdien die kandidaat slegs **EEN** punt.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is korrek, word **GEEN** punte toegeken nie.

7. Indien die kandidaat woorde uit ŉ **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

8. Aanvaar dialektiese variasies.

9. Indien die kandidaat **krutaal** gebruik, word die **kruwoorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kruwoord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

10. Waar EEN-WOORD antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

11. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

12. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

13. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

14. As ŉ spelfout die betekenis van ŉ antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: *DIE KRUPPEL ENGEL – ZENOIA KOCK*

1.1 1.1.1 Ant Lya (1)

1.1.2 Pa At weet nie dat Tina geld gekry het om die klere te gaan koop nie./Pa At is nie gelukkig dat Tina dorpskool toe wil gaan nie. (1)

1.1.3 Tina is nie goed in netbal nie en het later opgegee. *(Of soortgelyk)* (1)

1.2 1.2.1 Pa At is haar stiefpa. (1)

1.2.2 Pa At is ’n plaasarbeider. (1)

1.2.3 Koshuisfooi / vervoer vir die naweke plaas toe / boeke *(Of soortgelyk)* (1)

1.2.4 Hulle kry boeke verniet en ’n gratis busdiens. *(Of soortgelyk)* (2)

1.2.5 Dis baie belangrik sodat jy eendag ’n goeie werk kan kry. *(Of soortgelyk)* (1)

1.3 Sy wou graag in Afrikaans / haar moedertaal leer. (1)

1.4 Sy sou by Rosy in die Kaap gaan bly het en deur die pos leer. *(Of soortgelyk)* (1)

1.5 1.5.1 stil (1)

1.5.2 badwater (1)

1.6 Ek sou hulle nie toegelaat het om by maats te gaan speel nie. / Ek sou met hulle gepraat het. / Ek sou ’n gunstelingitem van hulle weggeneem het. *(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.7 Tina het ’n puntneus (olifantneus)/dun lippe/reguit, ligbruin hare/ kierietjiesbeentjies *(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.8 1.8.1 Tina se ma was swanger van Stefaans; hy wou nie met haar trou nie. (1)

1.8.2 Nee, sy kan dit nie verander nie.

**OF**

Ja. Tina sal dan verstaan waarvan Pa At praat. *(Of soortgelyk)* (1)

1.9 Hulle het kleintyd saamgespeel. *(Of soortgelyk)* (1)

1.10 ’n geleentheid (1)

1.11 1.11.1 Jakob was een van ’n tweeling, so hy is na die Bybelse tweeling Jakob en Esau vernoem. (1)

1.11.2 Tina was al een wat kon verstaan wat Jakob gesê het. / Hy het haar opgesoek voordat hy selfdood gepleeg het.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.12 1.12.1 Christina Marais/Haar ouma (1)

1.12.2 Albei het ’n beskermengel gehad. (1)

1.13 Ja, want sy het vir Tina geleer om tjokbrokke te maak. *(Of soortgelyk)* (1)

1.14 Hulle kon reël dat sy berading by ’n pastoor of sielkundige kry.
(*Of soortgelyk*) (1)

1.15 Tina was as klein kind alleen gelaat met Jakob wat epileptiese aanvalle kry. Hy het ’n aanval gekry en in die pap geval. Tina het geglo dis haar skuld.
*(Of soortgelyk)* (2)

1.16 A / Epileptiese aanvalle (1)

1.17 Hy het vir haar gestuur om geld by Stefaans te vra.
Hy het ook by die skool opgedaag en gesê om haar gedig vir juffrou Dale te wys.
Hy het as besigheidsman vir haar gesê dat samewerking die sleutel tot sukses is.
Hy het ook saam met haar gedraf, vir haar geleer om fartleks te doen.
*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

1.18 volgende geslag (1)

1.19 1.19.1 D – Tina vra skoolgeld by Stefaans. (1)

1.19.2 E – Tina kan nie kleur onderskei nie. (1)

1.19.3 C – Juffrou Manoto het ’n buite-egtelike kind. (1)

1.19.4 B – Loisie speel netbal. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 2: DIE LAASTE KARRIETJIEGRAF – R. STEYN en A. FUGARD

2.1 2.1.1 motoriese moment (1)

2.1.2 Ouma was oud.
Sy was sieklik / het rumatiek gehad.
Die koue / armoede en ontbering het haar laat doodgaan.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

2.2 Sy dink terug aan haar verlede. / Ouma word oud en haar gesondheid gaan agteruit. (*Of soortgelyk*) (1)

2.3 2.3.1 Langs die Seekoeirivier / op Twyfelpoort / op seur Kerneels se grond (*Enige EEN*) (1)

2.3.2 Sy is met haar jas en komberse toegedraai en in die graf gelê.
Sy is met haar pyp, twak, vuurhoutjies en snuif op haar bors begrawe.
Sy is met klippe toegepak.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

2.3.3 Seur Kerneuls het uit die Skrif / Bybel gelees. / Hulle het ’n gesang gesing. (*Enige EEN*) (1)

2.4 Hy was die oudste en sy pa was in die tronk.
*(Of soortgelyk)* (1)

2.5 Nee, die verantwoordelikheid is te groot, want hy is nog self ’n kind.

**OF**

Ja, hy moes vinnig volwasse raak toe sy pa tronk toe gegaan het. / Hy was die oudste van die kinders daarom dat Ouma Mieta met hom gepraat het.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.6 In die tronk (1)

2.7 Hy moes ook belowe om hard te werk en vir sy familie te sorg. (1)

2.8 Ja, hy het in die tronk beland en kon nie vir sy gesin sorg nie.

**OF**

Nee, hy het hard gewerk tot hy nie meer kon nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.9 Na ouma Mieta se dood het hulle nie weer getrek nie, maar in Tamatiestraat gaan plak/bly.
Die kinders kan nou skoolgaan.
Hulle bly nie meer onder die brug nie.
Hulle kan nou enige ander werk, behalwe skaapskeerders, wees/doen.
*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

2.10 D / pensioengeld (1)

2.11 Hulle kon kos/klere koop. (1)

2.12 Ja, hulle kan op die dorp gaan bly en ’n meer stabiele lewe lei. Dalk kan die kinders skool toe gaan, ’n opvoeding kry en so ’n beter lewe vir hulle skep.

**OF**

Nee, Tamatiestraat is net ‘n plakkerskamp. Daar gaan nie veel verbetering wees nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.13 D / in die tuin te werk. (1)

2.14 Boesmans (1)

2.15 Ja, hy moes nie teruggepraat het nie.

**OF**

Nee, hulle was daarop uit om hom seer te maak al sou hy ook niks gedoen het nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.16 Pienkies was afgeknou by die plaasskool, sy kombers was bevuil.

**OF**

Hulle het Pienkies se skottel met pap uit sy hande geskop.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.17 Ek glo dat Koot wel iemand gesien het, want hy het daarna homself beter verstaan.

**OF**

Ek dink hy het hom net verbeel, sulke goed bestaan net in jou verbeelding.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.18 2.18.1 hede (1)

2.18.2 Sy is ’n navorser / antropoloog, wat maar net weer haar studiemense opsoek op pad Kaap toe. / Sy tree ook as verteller op.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.18.3 Sy het sy saak by die magistraat bepleit sodat hy nie tronk toe gegaan het vir sy eerste vrou se dood nie. (1)

2.18.4 Sarah, want haar suster is in haar arms dood.

**OF**

Koot, want hy het sy ma verloor en was nie by haar begrafnis nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.19 By ouma Mieta se graf. (1)

2.20 Rokkies en Outjie het gewys hoe Koot sy vrou doodgeslaan het deur haar pop dood te slaan.

**EN**

Sy vertel ook hoe Toek-Toek sy hond vermoor het.
*(Of soortgelyk)* (2)

2.21 Rokkies het haar vertel dat sy droom om eendag in 'n kombuis te werk.
*(Of soortgelyk)* (1)

2.22 2.22.1 D / Patrys en Koffie word aan die Verroois verkwansel. (1)

2.22.2 E / Daar is nie genoeg dunpap vir almal nie. (1)

2.22.3 B / Koot Geduld vra vir God om vergifnis. (1)

2.22.4 C / Pienkies breek die donkiekar op vir brandhout. (1)

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAE

### 3.1 "KONING VAN DIE TOWNSHIPS" – RUDI DANIELS

3.1.1 Mnr. Brydon / Seppie se onderwyser. (1)

3.1.2 Daar kan niks teen Seppie bewys word nie. / Hy is nog nie skuldig bevind nie. (1)

3.1.3 (a) Nee, ek dink 'vrees' is 'n beter woord, want mense is bang vir Seppie.

**OF**

Nee, want mense respekteer hom glad nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

(b) Verkragting (1)

3.1.4 Vredesforum (1)

3.1.5 Ja, sy ouers het albei gedrink. / Hy het nie geld gehad vir die noodsaaklikhede nie, so dis waarskynlik dat hy homself na misdaad sou wend.

**OF**

Nee, dis sy eie keuse, mens moet bo jou omstandighede uitstyg.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.1.6 Seppie het ook dissiplinêre probleme by die skool veroorsaak. (1)

3.1.7 Nee, 'n mens kan net soveel doen om die leerders te lei, wat hulle daarmee doen, is hulle eie keuse. (1)

3.1.8 (a) Dis 'n informele nedersetting waar mense huisies opslaan.
*(Of soortgelyk)* (1)

(b) Hy het alleen oor die township geheers. / Hy het die meeste geld en mag gehad. / Mense was bang vir hom.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

(c) 'n Gewone koning sorg vir sy volgelinge, pleeg nie misdaad soos Seppie nie. / Mense het respek vir hom, nie vrees nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.1.9 Hy het iemand verkrag omdat hy gedink het sy hou haar te hoog / beter as hy.
*(Of soortgelyk)* (1)

3.1.10 Hy is in die tronk met 'n skerpgemaakte lepel doodgesteek. (1)

3.1.11 (a) spyt (1)
(b) te sterf (1)
(c) kort (1)
(d) voorkop (1)

**EN**

3.2 **’n BED VIR JOHNNY – Jeanetta Basson**

3.2.1 Hy deel sy kos met Johnny.
Hy help Johnny om ’n bed te maak.
Hy gee ’n jas vir Johnny om hom warm te hou.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

3.2.2 (a) Johnny moet by die Moslem (Slams) werk gaan soek, dan kan hy geld verdien.

**OF**

Hulle kan saam spaar en vir hulle ’n sinkhuis bou.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

(b) Hy sal dan skool toe kan gaan. (1)

(c) Hulle wil nie tussen die kriminele/skollies/lae klas mense gaan bly nie. / Oompie Daars wil vir Johnny ’n beter lewe hê.
*(Of soortgelyk)* (1)

(d) Ja, as Johnny die ‘Slams’ kan oorreed om hom in diens te neem.

**OF**

Nee, hy is te klein om te werk.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.2.3 (a) Hy gebruik / verkoop dagga. /Hy is skelm. /Hy is ’n moeilikheid-maker.
*(Enige EEN)* (1)

(b) Johnnie dink Moerat maak baie geld met die dagga wat hy verkoop. / Moerat dra mooi klere en eet lekker kos.
(*Of soortgelyk*) (1)

3.2.4 Oompie Daars doen tuinwerk, pas karre op en bedel soms, terwyl Moerat dagga verkoop. *(Noem albei kante – 2 of nul)* (2)

3.2.5 (a) ’n skootrekenaar (1)

(b) Hy weet dat Moerat gevaarlik kan wees. / Hy is bang vir Moerat. (1)

(c) Moerat het ’n pistool gehad. Johnny was banger vir Moerat as vir sy gewete om dit nie te doen nie. (1)

3.2.6 C Johnny bedel by die 'carwatch'. (1)
A Johnny gaan na 'n elektroniese winkel. (1)
D Johnny sien helder blou ligte. (1)
B Johnny kan nie vir Moerat 'tama' nie. (1)

3.2.7 Hy het ook 'n paar rand gesteel. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

### "DEMOKRASIE (PITY) LIMITED"– Peter Snyders

4.1 4.1.1 Ons leef in 'n demokratiese / vrye Suid-Afrika. (1)

4.1.2 Die spreker spot met die demokrasie en sê dat dit jammerlik is. / Die digter gebruik woordspeling om aan te dui dat die demokrasie in Suid-Afrika jammerlik is.
*(Of soortgelyk)* (1)

4.1.3 Jy moet kalm bly.
Jy moet oplettend bly.
Jy moenie terugbaklei nie.
*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

4.1.4 "skelms en criminals" (1)

4.1.5 Die Afrikaans word met Engels vermeng, √ bv "ge-highjack √ of "ge-rob", "fight" / "cubby hole" / "robots"
Onttronding bv. "uit" word "yt".
Eindkonsonante word weggelaat, bv. "kom" word "ko".
Assimilasie vind plaas, bv "en die" word "ennie".
*(Enige EEN of soortgelyk) (EEN KENMERK + EEN VOORBEELD)* (2)

4.1.6 Die enjambemente versag die streng instruksieformaat. / Verdoesel die rym.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.1.7 Ja, want die polisie se rol is om die gemeenskap te beskerm / by te staan, nie om hulle aan hulle eie lot oor te laat nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.1.8 Die kriminele (1)

4.1.9 Mense wat inligting vra.
Mense wat verkope doen.
*(Of soortgelyk)* (2)

4.1.10 Daar mag dalk iemand in jou garage wegkruip as jy by die huis kom. / Maak seker geen skelms staan in jou driveway nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.1.11 Veiliger te leef. / Meer bewus te wees van die feit dat daar misdaad is.
*(Of soortgelyk)* (1)

4.1.12 Jou dalk daarmee skiet. (1)

4.1.13 C / Satire (1)

4.1.14 Nee, slegs diegene wat geld, besittings, motors het.

**OF**

Ja, misdaad kan met enigeen gebeur.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.1.15 Ja, dit voel asof jy almal moet wantrou.
(*Of soortgelyk*) (1)

**EN**

4.2 **"SONVANGER" – Valiant Swart**

4.2.1 Dit is 'n ontwerp van gekleurde glas wat opgehang word en die lig weerkaats of versprei. (1)

4.2.2 Mens kry dit by 'n venster, waar die kleure in die kamer weerkaats word. (1)

4.2.3 Refrein / koor (1)

4.2.4 (a) figuurlik (1)

(b) Dit dui meer op die gemoedstoestand van die spreker. Sy is hartseer / bedroef / ongelukkig. (1)

4.2.5 "sommerso in die niet kan verdwyn" (1)

4.2.6 Ja, mense is gewoonlik depressief wanneer dit koud en nat is.

**OF**

Nee, dit is slegs haar seun se dood wat haar depressief maak.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.2.7 (a) desperaatheid (1)

(b) Die spreker kan na die son of die seun verwys.
*(Of soortgelyk)* (1)

(c) Haar seun / gelukkiger tye in haar lewe / vreugde / blydskap
*(Of soortgelyk)* (1)

4.2.8 'lig' en 'donker' (albei woorde vir 1 punt.) (1)

4.2.9 (a) C / Personifikasie (1)
(b) A / Assonansie (1)
(c) E / Metafoor (1)
(d) B / Enjambement (1)

4.2.10 Alleenplasing (1)

4.2.11 Hartseer / bedroef.
*(Of soortgelyk)* (1)

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou